

DIE SWART TEOLOGIE<sup>1</sup>

Prof. L. F. Schulze

## 1. Inleiding

Dit is nie maklik om oor hierdie tema te praat nie omdat hierdie jong teologie (nog?) ly aan 'n gebrek aan duidelike begripsomlyning, daar reeds variasies in aksente en tendense speurbaar is<sup>2</sup> en omdat dit ingebed lê in die lewenservaring van die Swartman wat vir ons feitlik ontoeganklik is.

Aangesien u bestuur egter aan my hierdie tema opgedra het, neem ek aan dat ons moet poog om iets van die Swart Teologie te verstaan — van sy krag en sy swakheid, sy emosionele geladenheid en eensydigheid. Dit gaan dus nie om 'n diepgaande en breë teologiese analise nie, want ek neem aan dat dit reeds by u bekend is uit die artikel van prof. Pont<sup>3</sup> wat in *In die Skriflig* verskyn het. Eerder word, om iets van hierdie teologie te begryp, die segsmanne self aan die woord gestel, terwyl hulle uitsprake ten slotte kortliks geweeg en in verband met die teologiese opset van vandag geplaas sal word.

## 2. Die geestelike sfeer

Die geestelike klimaat van die Neger (Bantoe) wanneer hy in aanraking kom met en reageer op die Wes-Europese beskawing word deur die digter subtiel uitgedruk.

J. Matthews skryf soos volg oor die Blanke:

*he brought with him a book  
that spoke of a new religion  
of love, humility and compassion  
to blind us to his deception*"<sup>4</sup>

Bitterheid en hartseer, verberg agter vrolikheid, word vertolk deur die swart digter Langston Hughes:

*„Because my mouth  
is wide with laughter  
and my throat  
is deep with song,  
You do not think  
I suffer after  
I have held my pain  
so long.*

*Because my mouth  
is wide with laughter  
You do not hear  
my inner cry;  
Because my feet  
are gay with dancing,  
you do not know  
I die*"<sup>5</sup>

Dan kom eindelijk die reaksie, die self-bewuswording, die besef van eiewaarde, die opstaan uit die vernedering. In 'n ietwat starre vers beskryf die jong Amerikaanse swart digteres, Desireè Barnwell, hierdie ontwaking van „Black Consciousness“:

„Will the real black people please stand:  
Those fearless of the unconventional,  
Moved towards their own blackness,  
Prone to influence and set trends,  
Schooled in their times and folkways,  
Dedicated to worthwhile endeavours,  
Attentive to meaningful expression.”

Dit is duidelik dat die Swart Teologie 'n uitloper is van hierdie nasionale, of eintlik ras-bewuswording van die swart volke in Amerika en Afrika. In sy sterk bewoorde opstel in *Essays on Black theology* teken Adam Small hierdie swart bewuswording o.a. in die volgende gelaaide sinne: „Our insight is this: We will live without apology, or as if apologising”. Verder: „The primary form of expression for us will be manifestation of our Blackness time and time again — and, again, whether Whites understand this or not will not be to the point at all. We are not there for Whites. We are there. We are. That will be the fact for us: that we ARE”.<sup>6</sup>

Mét hierdie bewuswording gaan hand aan hand die diastase teenoor en verwerping van die Blanke in sy gesagsposisie: „We may live by the grace of God, but we do *not* live by the grace of Whites. This has been the biggest impertinence on the part of Whites — this idea that they hold life for us in their hands, that they hold it in their hands to give”.<sup>7</sup>

In sy opstel, *Black Consciousness and the Quest for a true Humanity*, is die militante Steve Biko, eerste president van SASO, op die oorlogspad. Bewuswording word omskrywe in terme van opstand:

„What is Black Consciousness? In essence this is an attitude of mind and a way of life. It is the most positive call to emanate from the black world for a long time. Its unadulterated quintessence is the realisation by the black man of the need to rally together with his brothers around the cause of their oppression — the blackness of their skin — and to operate as a group in order to rid themselves of the shackles that bind them to perpetual servitude. It is based on a self examination which has ultimately led them to believe that by seeking to run away from themselves and to emulate the white man, they are insulting the intelligence of whoever created them black. The philosophy of Black consciousness, therefore expresses group pride and the determination by black to rise and attain the envisaged self”.<sup>8</sup> Die skrywer verraai sy neo-marxistiese agtergrond deur die twyfelagtige (en bekende!) terminologie wat hy gebruik as hy sê: „Capitalistic exploitative tendencies, coupled with the overt arrogance of white racism, have conspired against us”.<sup>9</sup>

Saam met die bewuswording moet die geskiedenis herleef en uit die eie kulturele verlede geput word. Die distorsies van die

blanke geskiedskrywing moet reggestel word:

„Thus a lot of attention has to be paid to our history if we as Blacks want to aid each other in our coming into consciousness. We have to rewrite our history and produce in it the heroes that wormed the core of our resistance to the white invaders”. “We have to destroy the myth that our history starts in 1652.”

„Our culture must be defined in concrete terms. We must relate the past to the present and demonstrate a historical evolution of the modern Black man.”<sup>10</sup>

Die eeue-oue swart kultuur het volgens die skrywer tot 'n groot mate die verbasteringsproses met die Westerse kultuur weerstaan. Hy tipeer hulle kultuur soos volg:

„Ours is a true man-centred society whose sacred tradition is that of sharing. We must reject, as we have been doing, the individualistic cold approach to life that is the corner stone of the Anglo-Boer culture.”<sup>11</sup>

Biko verwerp met alle mag die kritiek dat hierdie swart bewustheid 'n vorm van rassisme is en dat hulle doel die oorheersing van die blankes is:

„Some will charge that we are racist but let us not take heed, for these people are using exactly the values we reject. We do not have the power to subjugate anyone. We are merely responding to provocation in the most realistic way. Racism not only implies exclusion of one race by another — it always presupposes that the exclusion is for the purposes of subjugation. Blacks have had enough experience as objects of racism not to wish to reverse the tables.”

Met hierdie afwysing bly die uiteindelijke doelwit van die Swartman se strewe taamlik vaag. Dit word geteken as 'n gemeenskap sonder magpolitiek en outoritêre gesag: „the *thesis* is in fact a strong white racism and therefore, *ipso facto*, the *antithesis* to this must be a strong solidarity amongst the blacks on whom this white racism seeks to prey. Out of these two situations we can therefore hope to reach some kind of balance — a true humanity where power politics will have no place.”<sup>12</sup>

Volgens Basil Moore sal die blanke egter wel moet konformeer aan die norme en eise van die Swartman.<sup>13</sup>

### 3. Swart Teologie

Dat Swart Teologie 'n belangrike aspek van swart bewustheid is, word deur Steve Biko in sy reeds genoemde opstel duidelik gestel. Hy omskryf hierdie teologie en sy taak só: „... it seeks to relate God and Christ once more to the black man and to his daily problems. It wants to describe Christ as a fighting God and not a passive God who accepts a lie unchallenged. It grapples with existential problems and does not claim to be theology of absolutes. It seeks to bring back God to the black man and to the truth and reality of his situation. This is an important aspect of black consciousness for quite a large proportion of black people in this country are Christians still swimming in the mire of confusion — the aftermath of the missionary approach. It is the duty therefore of all black priests

and ministers of religion to take upon themselves the duty of saving Christianity by adopting Black Theology's approach and thereby uniting once more the black man to his God".<sup>14</sup>

In sy opstel *An African Theology or a Black Theology* gee dr. Manas Buthelezi sy siening van Swart Teologie: „In my opinion, the phrase 'Black Theology' comes out of an attempt to characterize by means of some word or phrase that reflection upon the reality of God and his Word which grows out of that experience of life in which the category of blackness has some existential decisiveness".<sup>15</sup>

Later verduidelik hy hierdie omskrywing breedvoeriger: „... the starting point for theological reflection is the existential situation in which the Gospel finds man. Just as one needs to take seriously his sinful state in order to grasp the depth of the forgiving love of God, one must take seriously the decisive factors that shape the mode of man's daily existence in order to see in perspective the direction as well as the ultimate fruition of the formation of the new man in Christ through the Word of God. The Word of God reaches man in his *real* situation which may not *always* be an *ideal* one. In the Black Theology methodology we find an instance of the demonstration of this truth by means of theological reflection".<sup>16</sup>

Buthelezi beskrywe die teologiese betekenis van „blackness” as 'n lewenskategorie „that embraces the totality of my daily existence” en wat die omstandighede van sy groei as kind en lewensmooitlikhede wat vir hom oopstaan, bepaal: waar hy lewe, waar hy aanbid, en wie sy vriende sal wees. Dan sê hy: „it is my only experience of life and this fact determines the hermeneutical setting for the Word of God which is designed to save me within the context of my real situation”.<sup>17</sup> Die evangelie moet die Swartman van sy eie swartheid verlos deur nl. die basiese eksistensiële vraag te beantwoord: „Why did God create me black?”<sup>18</sup>

Volgens Buthelezi gaan dit in die Swart Teologie om hierdie eksistensiële vraag en nood van die Swartman. Swart Teologie is niks meer as 'n metodologiese formule nie en sy oorspronklike greep bestaan „in paying tribute to the fact that theological honesty cannot but recognise the peculiarity of the black man's situation”.<sup>19</sup> Daarom wys hy die interpretasie van Swart Teologie suiwer in terme van die ontwaking van Swart Nasionalisme of die konsolidasie van „Black Power” af. Hierdie poging beteken „to trifle with one of the most fundamental issues in modern Christianity”<sup>20</sup> en bevraagteken die teologiese integriteit van hierdie onderneming. Om die Christelike swart bewustheid te koppel aan die emosioneel gelaaide politieke „Black Power”-begrip is soms 'n doelbewuste kampanje om die Swartman se poging om homself in sy eie menslikheid te verstaan en te interpreteer, te verongeluk.<sup>21</sup>

Op grond van hierdie eksistensialistiese uitgangspunt wil die skrywer ook onderskei tussen Afrika-Teologie („African Theology”) en Swart Teologie; e.g. gebruik die etnografiese metode terwyl lg. 'n antropologiese benadering het.

Om u 'n insig te gee in die verskillende variasies van die siening van wat Swart Teologie is, sluit ons hierdie paragraaf af deur kort-

liks 'n derde outeur aan te haal, nl. Mokgethi Motlhabi, die direkteur van Swart Teologie van die U.C.M., toe dit nog bestaan het. In sy een bydrae in *Essays on Black Theology*, getitel *Black Theology. A Personal Opinion*, opereer hy ook met die eksistensialistiese begrippe *wording* en *gebeure* en pas dit soos die marxiste op die geskiedenis toe: die wêreld is voortdurend besig om te word, om homself te word „to become other than itself within itself”. Daarom is volmaaktheid nie 'n abstrakte begrip nie, maar volmaaktheid van die wêreld beteken „Christ happening to it in its authentic, existential situation. Omdat „Christ the very perfection of man” is, daarom is die strewe na kommunikasie met andere outomaties 'n strewe na Christus. In hierdie kader word dan van die anonieme Christene en van 'n universele heil gepraat. „So communication among men implies a search for Christ prompted by himself; and hope in the perfection of this communication in Christ, when all men will realise their oneness in him, and their authenticity as the mystical body of Christ”.<sup>22</sup>

In hierdie konteks word die sonde en gevalle toestand van die mens as vervreemding van God en die naaste geteken. Ondertussen is dit die enigste aspek van die sonde wat geteken word en die sonde word blykbaar vanuit die mens uit oorwin en via jouself en jou medemens vind jy God. „Our situation in South Africa is such that we need a personal, psychological liberation from ourselves and what enslaves us (van self-vervreemding a.g.v. kontak met die Westerse kultuur); a social, political and economic liberation in relation to our fellowmen, more so across the 'colour bar'; and a religious liberation in relation to God. Each of these cases implies communication. This . . . is called Black Consciousness”.<sup>23</sup>

Teen hierdie agtergrond word Swart Teologie dan omskrywe as „that aspect of Black Consciousness which seeks to relate God and the whole of the religious values to the Black man in his situation precisely as a 'Black Man' in South Africa”.<sup>24</sup> Om swart te wees in hierdie land beteken allereers om die slagoffer te wees van „apartheid” — om die objek van kolonisasie, onderwing en uitbuiting te wees. Daarom is die betekenis van *swart* „co-extensive with suffering”.<sup>25</sup> Kontradiktories word dan geformuleer: „It denotes all the oppressed people in our country irrespective of colour (which cannot be white, of course) nationality and creed”.<sup>26</sup> Swart Teologie wil bewus maak, wil soek na „an examination of conscience and the realisation of the need of change”.<sup>27</sup> Die wanvoorstelling en waninterpretasie van die evangelie aan die Swartman moet reggestel word, want aangesien die evangelie gebring is in die sfeer en begrippe van die Westerse kultuur „most of the gospel message still remains a foreign gospel to the indigenous people”.<sup>28</sup> Die evangelie moet in verband gebring word met en aangepas word aan die „African” lewe en kultuur.

In hierdie lig moet ons dan Motlhabi se samevattende omskrywing van Swart Teologie sien:

„Black Theology is not a new theology nor is it a proclamation of a new gospel. It is merely a re-evaluation of the gospel message,

a making relevant of this message according to the situation of the people. It is a re-interpretation of the scriptures in the light of the existential situation of our daily black experiences. It's advocates believe that Christ not only has something to do and offer to my 'soul', but to 'me' in my entire situation and condition here and now..."<sup>29</sup> Dan volg die *locus classicus* van die Swart Teologie nl. Luk. 4: 18 en 19, wat tesame met die uittog uit Egipte soos saamgevat in Ex. 19: 4—6 die grondpilare van hierdie teologie uitmaak.

Interessantheidshalwe kan ons net daarop wys dat hierdie skrywer in 'n ander bydrae in die bundel, nl. *Black Theology and Authority*, hom verset teen alle vorme van outoritêre gesag: dié van die staat, van die man as hoof van die huis en van die kerklike hierargie. „In every instance the structure is supported by a myth” nl. respektiewelik die mites van rassisme en „kommunistiese gevaar”, dié van die swakkere krag en ander karakter van die vrou, en dié van „the myth of 'Divine election' which hardly masks the struggles for power that go on at election times” in die kerk.<sup>30</sup> Indien die Swart Teologie 'n nuwe woord van vryheid in hierdie magsdolle wêreld wil spreek, sal dit tweërlei moet doen: „On the one hand it must reject all language about God that seems to make him out to be the authoritarian par excellence. . . . In the place of these authoritarian images we should explore those images which speak of the suffering of God who is identified with the oppressed in their suffering and who struggles in and with them to lift the burden of oppression”. Hy is „our comrade and friend in the struggle for freedom”.<sup>31</sup>

#### 4. Die ontstaan van die Swart Teologie

Die wortels van Swart Teologie as 'n protesbeweging lê, wat Afrika betref, diep in die verlede — in die tyd toe die Kongolese meisie, Kimpa Vita, met die doopnaam Béatrice, teen omstreeks 1700 'n protesbeweging teen die R.K. Kerk gelei het. Christus het aan haar verskyn as 'n Swartman en al sy dissipels was swart. Hy het Hom geïdentifiseer met die onderdrukte inheemse bevolking teen die wit uitbuiters en verdrukkers.<sup>32</sup>

Van hier af sou mens die lyn van protes en die „inheemswording” van die Christendom kon volg oor die ontstaan van die Negeren Bantoe-separatistekerke in die 19e eeu in die V.S.A. en Afrika respektiewelik.<sup>33</sup>

Die naam *Swart Teologie* is egter baie jonk. Dit verskyn sowat vier jaar gelede, d.w.s. in 1970, vir die eerste maal in ons land, waarheen dit vanaf die V.S.A. oorgebring is deur — ironies genoeg — 'n blanke, Basil Moore, en aanvanklik deur die U.C.M. gepropageer word. Omdat Moore veral die visie van die Amerikaner, James Cone, via die U.C.M. in Suid-Afrika inloods, moet ons baie kursories aan Cone aandag gee.

James Cone is die hoofekspont van die mees militante vleuel van die Amerikaanse „Black Theology”. Cone stel aan die begin van sy boek onder die opskrif „Liberation as the Content of Theology” dadelik sy omskrywing van teologie.

„Christian theology is a theology of liberation. It is a rational study of the being of God in the world in the light of the existential

situation of an oppressed community, relating the forces of liberation to the essence of the gospel, which is Jesus Christ".<sup>34</sup> Alhoewel daar blankes ook is wat armoede verduur, is hulle globaal in die heersersklas en is Christelike teologie noodwendig Swart Teologie wat „merely tries to discern the activity of the Holy One as he effects his purpose in the liberation of man from the forces of oppression”.<sup>35</sup>

Vanuit die „liberation” as hermeneutiese sleutel word klem gelê op die uittog van Israel as Gods verkose volk en word dit so interpreteer dat God die God van die verdrukke is en „his revelation is made known *only* through the liberation of the oppressed”.<sup>36</sup>

In beginsel word hiermee alle bevryding van verdruktes (o.a. ook deur rewolusie) openbaringe van God en dus kanoniek. Daarom kan hy ook sê: „People who want to know who God is and what he is doing must know who black people are and what they are doing. . . . Knowing God means being on the side of the oppressed, becoming *one* with them and participating in the goal of liberation. *We must become black with God*”.<sup>37</sup> „Blackness” en „salvation” is sinonieme en is ’n geskenk van God as die gans Andere. „God comes to us in his blackness which is wholly unlike whiteness, and to receive his revelation is to become black with him by joining him in his work of liberation”.<sup>38</sup>

Die Swart Teologie kan nie ’n neutrale God aanvaar nie: „There is no use for a God who loves whites the *same* as blacks. . . . What we need is the divine love as expressed in Black Power which is the power to destroy their oppressors. . . . Unless God is participating in this holy activity, we must reject his love”.<sup>39</sup>

Met hierdie hermeneutiese sleutel word nie net die rewolusionêre „Black Power” nie maar ook die „Black Consciousness” ’n komponent van hierdie teologie: „The search for black identity is the search for God, for Gods identity is black identity”.<sup>40</sup> Met hierdie „sleutel” word Jesus as rewolusionêr geïnterpreteer: „. . . Jesus is not *for all*, but for the oppressed, the poor and unwanted of society, and against oppressors”.<sup>41</sup>

Maar genoeg van hierdie astrante godslastering met sy humanistiese, „antroposentriese vertrekpunt”.<sup>42</sup> Dit is duidelik dat Cone met ’n naëwe en simplistiese swart-wit skema werk: swart is gelyk aan goed, wit aan sleg. Sonde is per definisie beperk tot die wit gemeenskap en besmet die swartes alleen in soverre as wat hulle wit wil wees en hulle eie identiteit wil ontvlug. God se liefde gaan uit tot die Swartes en vir die Wittes beteken sy liefde alleen maar wraak.<sup>43</sup> Dit is ook duidelik dat hierdie militante Swart Teologie nie net geïnteresseerd is in die Negers en hul posisie nie maar „it is committed to a restructuring of the total American society, economics, politics, etc.”.<sup>44</sup>

Van Cone is daar ook ’n artikel in *Essays on Black Theology* met die tipiese opskrif: *Black Theology and Black Liberation*.<sup>45</sup> Hy kon nie self teenwoordig wees op die seminar oor Swart Teologie wat in Roodepoort in Maart 1971 gehou is nie. Die aanwesiges het egter na ’n bandopname van Cone geluister. Dit is hierdie toespraak wat in *Essays on Black Theology* onder sy naam gepubliseer is.

## 5. Die huidige situasie in Suid-Afrika

Met die invloed van Cone en Basil Moore, wat feitlik in alles saam met Cone stem, in die U.C.M. was dit duidelik dat hierdie liggaam se dae getel was. Die radikale swart-wit antitese was 'n bom wat die veelrassige U.C.M. in 1972 in skerwe laat spat het.

Ondertussen het hier in ons land ook eie nuanseringe van die Swart Teologie ontstaan. Uit die breedvoerige aanhalings wat ek aan u gegee het, het ek probeer om u reeds 'n aanvoeling daarvoor te gee.

In 'n noukeurige studie het prof. D. J. Bosch van Unisa vyf tendense in die huidige opset van Swart Teologie in ons land onderskei.<sup>46</sup>

(1) Die eerste stroming is heeltemal geskoei op die lees van die militante Amerikaanse model van Cone en Moore. Hier word Swart Bewustheid en Swart Teologie doelbewus geïdentifiseer. (Oor „Black Power” word daar geswyg, moontlik om versigtig te wees.) Na die ontbinding van die U.C.M. leef hierdie stroming voort in die eksklusiewe swart SASO, en word deur hulle gepropageer. Daarom verbaas die onlangse moeilikheid by Turfloop 'n mens nie. Tog is daar in hierdie kring iemand soos dr. M. Buthelezi, wat met sy onderskeiding van „African Theology” en „Black Theology” eie ak-sente lê.

(2) 'n Tweede tendens is om Swart Teologie en Afrika-Teologie te identifiseer. 'n Segsman vir hierdie rigting is, nes Buthelezi, ook 'n lid van die Lutherse Kerk, nl. Douglas Makhathini, lektor aan die Lutherse Teologiese Skool in Mapumulo, Zoeloeland. Ook G. Setiloane beweeg op hierdie pad. Dit gaan hier om die inheemswording van die Christendom, maar nie in die tradisionele missiologiese sin dat die blanke sendeling eintlik die proses lei nie maar in die sin van 'n herinterpretasie van die Christendom in die lig van die eeue-oue Afrika-kultuur. Die All Africa Conference of Churches wat in Abidjan in 1969 gehou is, formuleer Afrika-Teologie soos volg: „African Theology is a theology based on the biblical faith and speaking to the African soul. It is expressed in categories of thought which arise out of the philosophy of the African people”.<sup>47</sup>

Terwyl Buthelezi die verskil tussen Swart en Wit hoofsaaklik sosiologies sien, meen Makhathini e.a. dat dit óók kulturele en filosofiese aspekte omvat. Daarom is hulle wars van die spekulatiewe karakter van die Westerse teologie wat daagliks van mode verander en wil hulle hierdie „swaddling clothes” oopskeur om by Christus te kom. Terwyl Cone en Buthelezi e.a. hulle van die Westerse teologie bedien (bv. dié van Moltmann, Tillich en die rewolusie-teologie) het Makhathini en Setiloane baie min belangstelling vir die Westerse teologiese strominge.

(3) 'n Derde stroming onder swart predikante sien 'n noue verband tussen Swart Teologie en die tradisionele godsdienste van Afrika. Soos God tot Moses gespreek het uit die brandende braambos en vanaf die vulkaan van Sinai, spreek Hy vandag nog tot Afrika



in weerlig en onweer en in natuurverskynsels. Dit is die sinkretistiese standpunt van ds. Solomon Lediga, tot onlangs mededirekteur van die departement Studie en Kommunikasie van die S.A.R.K. en tans direkteur van IDAMASA (Inter-denominational African Ministers' Association of South Africa). Die gevaar van hierdie tendens is ooglopend.

(4) 'n Vierde rigting huldig die oortuiging dat die Swart Teologie sy vroegste en mees outentieke uitdrukking gevind het in die veelvuldige Bantoe-separatistiese kerke (African Independent Churches). Victor Mayatula, 'n energieke jong predikant van die Bantu Bethlehem Christian Apostolic Church of South Africa is oortuig dat die bevryding wat die Swart Teologie voorstaan in hierdie separatistiese gemeenskappe gevind word. Daar kan seker heelwat vir Mayatula se standpunt gesê word. Tog het die separatistiese nog nooit onder die vaandel van die Swart Teologie geopereer nie en is lg. beslis 'n verskynsel binne die historiese kerke nl. die Anglikaanse, R.K., Metodistiese en Lutherse Kerke. Dit val ook te betwyfel of die voorstanders van Swart Teologie uit hierdie kerke in noemenswaardige getalle na die separatistiese groepe sal beweeg.

(5) 'n Vyfde stroming in die interpretasie van Swart Teologie lê in die kombinasie van die eerste en tweede tendense, d.w.s. in 'n samesmelting van die Amerikaanse Swart Teologie en die kultureel-gestempelde Afrika-teologie. So sien prof. Bosch die saak en die tendense wys inderdaad in daardie rigting. Motlhabi het dit al raakgesien toe hy in die voorwoord tot *Essays on Black Theology* geskryf het: „Black Theology in South Africa, as this collection of essays shows clearly, is a unique combination of the theology of disinheritance and oppression and the theology of culture. It is North America's Black Theology and independent Africa's African theology in which politics and 'culture' are deeply and inextricably intertwined”.<sup>48</sup>

Ons kan hierdie tendens duidelik bespeur in die vergadering wat by die St. Peter's College in Hammanskraal belê is vir 13—16 Desember e.k. Dit staan bekend onder die veelseggende titel „Black Renaissance”. Hierdie Swart Renaissance-beweging vind die omvang van Swart Teologie te eng en wil die teologie bestudeer teen die agtergrond van die Swart Kultuur (bv. inisiasie-skole, huweliksgebruik ens.).

Daarmee is die militante aspek van die Swart Teologie as 'n „theology of liberation” seker nie gebêre nie. Motlhabi skryf in die voorwoord van *Essays on Black Theology* immers die veelseggende woorde: „thus we feel also what Cone says in our bones”.<sup>49</sup>

Dit is dieselfde Motlhabi wat as direkteur van die „Black Theology Project” die stigting van 'n permanente „Black Theology Agency” bepleit om alle werk te koördineer, na te vors en Swart Teologie te propageer. Alle belanghebbende swart liggeme moet hieraan meewerk. Uitnodigings tot die gesamentlike projek is gerig aan die verskillende kerke, IDAMASA, AICA (African Independent Churches Association), die Lutherse Teologie Seminarie, die Federal Theological Seminary (Alice), St. Bedes College, St. Peters College, ander

seminaries, SASO, Black Community Programmes, YMCA, die Lay Ecumenical Centre (Anglikaans) en SPOBA (St. Peters Old Boys Association, waarvan Mabona leier is).

## 6. Beoordeling

Uit bogenoemde uiteensetting is dit duidelik dat 'n beoordeling van Swart Teologie nie maklik is nie. Om die saak te weeg, stip ons enkele gedagtes aan.

1. Swart teologie presenteer aan ons inderdaad die rekening van koloniale uitbuiting, minagting van die swartman, gebrek aan liefde, respek en eerlikheid in ons menseverhoudinge. Dit gee ons óók die rekening van 'n piëtistiese inslag in die sending en van die indra van die moderne liberale en rewolusionêre teologie van die Weste in die opleidingskole vir swart predikante.

2. Hier is weinig teologie in hierdie nuwe poging. Begrippe is vaag en meer slagspreukagtig as omlin. In soverre daar „eksegese” is, is die invloed van Cone en sy „sleutel” sigbaar. Verlossing is gelyk aan bevryding van aardse druk;<sup>50</sup> die skepping word geïnterpreteer in terme van die waarde van die Swartman<sup>51</sup> en die triniteit in terme van gemeenskap en kommunikasie.<sup>52</sup> Met die sonde (behalwe dié van die blankes) word nie veel erns gemaak nie. Trouens, as ons Motlhabi moet glo, het die Christendom „an almost insanely pessimistic view of man”.<sup>53</sup>

3. Dat elemente van die moderne teologie van die rewolusie, o.m. soos deur Shaull en Sölle uiteengesit, hier weerklank vind, is duidelik. Dit maak die teologie weinig oorspronklik en die ironie bly in die Swart Teologie deurgaans met teologiese begrippe uit die Westerse wêreld werk.

4. Opmerklik is kritiek wat van die kant van swart teoloë kom. In 'n voordrag voor die Missiologiese Instituut te Mapumulo in 1972 het Masothoane o.a. gesê dat Afrika deur die Evangelie verryk moet word. „But if it is to be enriched it must also be judged by the Gospel”. „Do you think that just because you are an African all is well with you? Do not conclude that your black skin automatically puts you on God's side”.<sup>54</sup> Ook biskop Zulu het in 'n referaat „Whither Black Theology” sy bedenkinge uitgespreek. Hy tas Cone se „sleutel” aan as hy sê: „According to the Bible there is no merit in being oppressed or poor”.<sup>55</sup>

5. Ten spyte van heftige ontkenning, is die Swart Teologie rassisties. Die repristenasie van die voor-christelike kultuur vind ons by Hitler ook, geïnspireer deur Wagner se operas met die Germaanse mitologie as tema. Al verskil is: vir die Nazis was Jesus 'n Ariër, dus wit, vir Cone is Hy swart.

---

1 Gelewer voor die G.T.V. Kaapland en S.W.A. op 26.11.74.

2 D. J. Bosch: *Currents and Crosscurrents in South African Black Theology*,

- in *Journal of Religion in Africa*, Vol. VI (1974), no. 1.
- 3 A. D. Pont: *Black Theology. Voorbereiding vir die Rewolusie?* in *In die Skriflig*, Maart 1973.
  - 4 J. Matthews en G. Thomas: *Cry Rage*. Nedl. uitgawe bewerk deur G. Th. Rothuizen, Kok, Kampen 1973. Gedig nr. 6 strofe 2. Aangehaal in 'n referaat van G. D. Kruger: *Swart Bewustheid en Swart Teologie*, Potchefstroom, ongepubliseer, 1974.
  - 5 Aangehaal deur A. Small in sy opstel *Blackness versus Nihilism* in *Essays on Black Theology* (ed. M. Motlhabi), Black Theology Project, U.C.M., Johannesburg 1972, p. 12.
  - 6 *Essays on Black Theology*, p. 14—15.
  - 7 *Id.*, p. 14.
  - 8 *Id.*, p. 21.
  - 9 *Id.*, p. 25.
  - 10 *Id.*, p. 24.
  - 11 *Id.*, p. 25.
  - 12 *Id.*, p. 26. Vgl. ook die opstel van Motlhabi, *Black Theology and Authority*, p. 91 vv.
  - 13 A. D. Pont, a.a., p. 23, met verwysing na Moore se *Towards a Black Theology*.
  - 14 S. Biko, a.a. in *Essays*, p. 23.
  - 15 In *Essays on Black Theology*, p. 3.
  - 16 *Id.*, p. 7.
  - 17 *Id.*, p. 7.
  - 18 *Id.*, p. 8.
  - 19 *Id.*, p. 8.
  - 20 *Id.*, p. 3.
  - 21 *Id.*, p. 4.
  - 22 *Essays on Black Theology*, p. 54.
  - 23 *Id.*, p. 55.
  - 24 *Id.*, p. 56.
  - 25 *Id.*, p. 57.
  - 26 *Id.*, p. 56.
  - 27 *Id.*, p. 58.
  - 28 *Id.*, p. 58.
  - 29 *Id.*, p. 56—57.
  - 30 *Id.*, p. 93.
  - 31 *Id.*, p. 98.
  - 32 D. J. Bosch, a.a., p. 1—2.
  - 33 Vgl. hieroor die artikel van Akin J. Omoyajowo: *An African Expression of Christianity* in *Essays on Black Theology*, p. 60—70. Die skrywer is lektor in teologie aan die Ibadanse Universiteit, Nigerië.
  - 34 James H. Cone: *A Black Theology of Liberation*, J. B. Lippencott Co., Philadelphia en New York, 3e druk, 1970, p. 17.
  - 35 *Id.*, p. 26.
  - 36 James Cone: *Black Theology on revolution, violence and reconciliation*, in *Dialog*, 12, Spring 1973, p. 130. Gesiteer deur Bosch, a.a., p. 3.
  - 37 Cone, a.w., p. 124.
  - 38 *Id.*, p. 125.
  - 39 *Id.*, p. 132.

- 40 Id., p. 40.
- 41 Id., p. 25—26.
- 42 Id., p. 47.
- 43 Id., p. 137, 138.
- 44 Bosch, a a., p. 5.
- 45 *Essays*, p. 28—36.
- 46 Bosch, a.a., pp. 5—13.
- 47 Aangehaal deur Bosch, a.a., p. 8—9.
- 48 *Essays*, p. 1.
- 49 Id., p. 1.
- 50 Cone, a.w., p. 33—34.
- 51 *Essays*, p. 109.
- 52 Id., p. 111.
- 53 Id., p. 96.
- 54 Aangehaal deur Bosch, a.a., p. 19.
- 55 Id., p. 20.